# RAMADAAN 2017 GEBEDSFOKUS

## 27 Mei – 25 Junie

*Laat ons aan Moslems liefde betoon*
*deur vir hulle te bid!*

*Ramadaan is jaarliks 'n tydperk van 30 dae waartydens Moslems vas, sekere godsdienstige gebruike onderhou en selfondersoek doen. Dit is dus vir Moslems 'n tydperk van intense geestelike bewustheid. As Christene is dit ons begeerte dat Moslems in 'n verhouding kom met God die Vader, wie se liefde vir hulle deur die werk van ons Here Jesus aan die kruis openbaar is. Gebruik hierdie daaglikse fokusareas en gebedspunte om vir Moslems te bid tydens Ramadaan.*

27 Mei 2017 - **Dag 1: Christenwerkers in nasies met 'n Moslem-meerderheid**
Baie Christenwerkers wat in lande met 'n Moslem-meerderheid werk, vind dat dit toenemend moeilik word om in die lande te bly waar hulle al jare werk. Sendelinge verkry dikwels nie toestemming om met nuwe werk te begin nie en in sommige lande word nie-winsgewende Christelike organisasies verhinder om met hulle werk voort te gaan. Hoewel daar tog deurbrake is, neem jihad-aktiwiteite toe in baie lande.

*Gebedspunte:*
Bid dat pastore, sendelinge en nie-winsgewende organisasies in staat sal wees om hul werk te kan bly doen. Vra dat hulle guns sal hê by die plaaslike mense, selfs by jihad-groepe. Vra dat méér werkers hul werk in die krag van die Gees van God sal doen. Vra dat nuwe deure vir die evangelie sal oopgaan. *Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders.* (1 Korintiërs 16:9). *…en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is,…* (Kolossense 4:3).

28 Mei 2017 - **Dag 2: Die aanbidding van Jesus**
*Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.* (Johannes 4:23-25). Noord-Afrika, Sentraal-Asië, die Midde-Ooste en die Horing van Afrika: Te midde van ál die geweld, onrus, dood, gruweldade en die verskuiwing van mense, vind nuwe mense Christus en keer talle terug na Jesus! Die doel van ons lewens is om Jesus en die Vader te aanbid en te verheerlik.

*Gebedspunte:*
Bid vir ware aanbidders onder gelowiges uit Moslem-agtergronde én onder gelowiges wat nie uit Moslemagtergronde kom nie, wat weer teruggekeer het na 'n verhouding met Jesus. Bid vir die baie kerke wat oor die afgelope jaar in hierdie streke gevestig is. Vra dat God deur die Heilige Gees vir die gelowiges nuwe liedere sal gee.

29 Mei 2017 - **Dag 3: Hulpbronne word benodig**
Weens die merkwaardige aantal Moslem-bekeerlinge onder vlugtelinge in Irak, Sirië, Eritrea en baie ander nasies word daar groot druk op die kerk se hulpbronne gestel. Bybels, literatuur, kos, klere, beraders, vertalers, dokters, tandartse, oogkundiges en geboue word benodig vir hulpverlening aan vlugtelinge. Vra vir deurbrake en voorsiening in al hierdie areas.

*Gebedspunte:*
Bid vir Christenwerkers regoor die Moslem-wêreld wat reeds hierdie vlugtelinge bedien – baie van hulle is totaal uitgeput, veral werkers in oorloggeteisterde lande. Daar is 'n behoefte aan liefdevolle Christene met deernis in hulle harte en 'n bereidwilligheid om na hierdie getraumatiseerde vlugtelinge te luister. Bid vir Christenwerkers wat voel dat daar meer van hulle verwag word as waartoe hulle fisies/ emosioneel in staat is. Vra dat hulle die nodige hulpbronne sal hê om hul werk effektief te kan doen.

30 Mei 2017 - **Dag 4: Vinnigste groeiende kerk ter wêreld**
Verbasend genoeg is Iran, 'n Islamitiese staat, die land waar die kerk die vinnigste groei. Die kerk in Iran groei teen 'n verbysterende 19,6% per jaar! Bekering is onwettig en bogrondse kerke is feitlik almal toegemaak. Iran word deur die Mullahs regeer en hulle verklaar: "Ons doen alles volgens Islamitiese beginsels."

*Gebedspunte:*
Bid dat die kerk in Iran sal volhard. Vra dat pastore uithouvermoë sal hê. Baie beland in die tronk. Hul gesinne kry gewoonlik swaar. 'n Nuwe, meer moderne Farsi-vertaling van die Irannese Nuwe Testament word tans geskryf. Bid dat dit binnekort voltooi sal word, aangesien daar in Iran 'n groot honger vir Bybels is.

31 Mei 2017 - **Dag 5: Vredesonderhandelings**
Vredesonderhandelings moet eers suksesvol wees voor daar vrede in Irak, Sirië en Jemen sal wees. Daar is geen ander alternatief nie. Op die oomblik lyk vrede na 'n onmoontlikheid. Sirië, Irak en Jemen het deel geword van 'n internasionale magspel. Talle groepe baat finansieel daarby as die oorloë kan voortgaan.

*Gebedspunte:*
Bid dat verskuilde agendas oopgevlek en tot niet gemaak sal word, geheime onderhandelings onsuksesvol sal wees en dat die smokkel van wapens sal stop. Vra dat leiers se harte sal verander en dat hulle blywende vredesooreenkomste sal uitwerk.

1 Junie 2017 - **Dag 6: Bonatuurlike ingryping**
Al hoe meer Moslems raak nuuskierig oor Jesus en begin Hom volg. Op sommige plekke is daar egter toenemende vyandigheid teenoor Christenskap as gevolg van die groot aantal Moslems wat Jesus-volgelinge word. Die vyandigheid is ook soms te wyte aan die ingryping van die Westerse wêreld in die konflikte in die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Westerlinge word oor die algemeen as Christene beskou. As die Moslems dus ontevrede is met die inmenging van die Weste, word Christene blameer.

*Gebedspunte:*
Bid dat hierdie soort misverstande opgeklaar sal word en dat Moslems ware Christene sal ontmoet sodat hul wanopvattings reggestel kan word. Vra vir bonatuurlike ingryping wat aan Moslems God se liefde vir hulle sal wys. Bid dat die Heilige Gees 'n diep honger na die waarheid en 'n dors na sekerheid van saligheid in hulle sal laat posvat.

2 Junie 2017 - **Dag 7: Talle nuwe gelowiges**
Van oral uit Europa, Afrika, Indonesië, die Arabiese Skiereiland, Irak, Sirië, Iran, die Horing van Afrika, die Verenigde State en vele ander plekke stroom berigte in van nuwe gelowiges in Christus wat hulle uit Islam bekeer het! Die groot uitdaging vir die kerk is om hierdie nuwe gelowiges as dissipels op te lei en om hulle in plaaslike kerke te vestig.

*Gebedspunte:*
Loof die Here vir bedienings wat juis dít doen! Dank die Here vir beantwoorde gebede van die miljoene wat vir die verlorenes intree! Bid vir die veiligheid van nuwe gelowiges. Tree in vir die redding van volledige families, wat die lewe makliker sal maak vir nuwe gelowiges en die kanse sal verminder dat hulle onder druk na Islam terugkeer. Bid dat Christene bonatuurlike wysheid sal hê oor hoe om nuwe gelowiges met plaaslike kerke en Christen-selgroepe te verbind. Vra dat die Gees op die kerk sal neerdaal sodat Christene met vrymoedigheid van Jesus sal getuig. Bid dat die nuwe kerk wat ontstaan onder gelowiges uit Moslem-agtergronde 'n sendende kerk sal word wat met vrymoedigheid die evangelie aan ander Moslems sal meedeel.

3 Junie 2017 - **Dag 8: SAT-7 TÜRK**
SAT-7 se kanaal vir kykers wat Turks praat is nou beskikbaar vir 4-5 miljoen mense deur middle van 'n privaat televisiediens waarvoor mens kan inteken. SAT-7 TÜRK se uitsaaibestuurder sê: "Dit is 'n belangrike nuwe stap vir SAT-7 TÜRK. Dit bly 'n wonderwerk dat ons kanaal kan uitsaai. Hierdie is moeilike dae vir ons land, maar dis juis een van die redes waarom ons hier is en mense dien. God is aan die werk." Onlangse ontwikkelinge in Turkye het mense laat vrees dat die kanaal nou gedwing sal word om op te hou uitsaai.

*Gebedspunte:*
Bid dat Christene in Turkye sal vasstaan in die Here. Tree in vir Sat-7 TÜRK en vra dat hulle sal kan aanhou uitsaai en dat die uitsendings baie vrug sal dra.

4 Junie 2017 - **Dag 9: Goedhartigheid teenoor ekstremistegroepe**
*Die vrug van die Gees is (…) goedhartigheid …* (Galasiërs 5:22).
Meer as 'n dosyn ekstremistegroepe in Sirië en Irak vermoor mense, vernietig en saai verwoesting in hierdie lande. Bid om vergifnis vir enige gebrek aan goedhartigheid in jou eie hart teenoor ISIS, ekstremistegroepe en die Irakese en Siriese burgers wat nog nie Jesus Christus se barmhartigheid ervaar het nie.

*Gebedspunte:*
Vra dat God se ryk genade en barmhartigheid bekend sal word onder lede van ISIS en ander ekstremistegroepe. Bid dat hulle sal hoor van God se goedheid deurdat Hy Sy Seun vir hulle gestuur het. Tree in vir ISIS en ander ekstremistegroepe en vra dat hulle beskermers sal word van die onderdruktes – die weduwees, weeskinders, vreemdelinge en die armes, eerder as bevorderaars van geweld en godsdienstige fanatisisme. Bid dat hulle sal ophou om bose komplotte teen ander te smee.

5 Junie 2017 - **Dag 10: Christelike organisasies in Irak**
*En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.* (Filippense 4:19).

*Gebedspunte:*
Bid vir broers en susters in Christus wat oorweldig word deur vlugtelinge se behoeftes. Bid dat Hy hulle sal versterk en bemoedig, asook vir die toenemende voorsiening van hulpbronne om hierdie werk van liefde en barmhartigheid te doen. Bid spesifiek vir dié wat met vroue, jongmense en kinders werk wat ontwortel is. Een egpaar berig dat hulle meer as 700 vroue op 'n weeklikse basis op 3 verskillende plekke ontmoet om met hulle oor hulle onsekerheid, vrees, lae selfbeeld en trauma te gesels. Hulle bid ook saam met dié vroue aan die einde van elke byeenkoms om al hulle negatiewe emosies en probleme vir Jesus te gee. Bid dat hierdie vrouens en kinders 'n ontmoeting met Jesus sal hê.

6 Junie 2017 - **Dag 11: Bekering tot die Christelike geloof in Pakistan kan tot jou dood lei**
*En as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.* (Romeine 8:17). Volgens 'n berig oor godsdienstige bekerings in Pakistan beskou Islamitiese verordeninge die bekering uit die Moslem-geloof as 'n halsmisdaad. Familielede of bure voel dan dikwels deur eer gebind om hulle vriende of familie dood te maak indien hulle ontdek dat daardie persoon hom of haar tot 'n ander geloof, soos die Christelike geloof, bekeer het. Tog bekeer mense hulle steeds tot Christus.

*Gebedspunte:*
Bid vir Christene in lande waar hulle vervolg word, dit vir hulle uiters moeilik is om werk te kry en hulle gesin te onderhou, en 'n veilige plek te vind om te bly. Loof die Here vir die volgehoue stroom Pakistani's wat hulle tot Christus bekeer. Bid vir hulle beskerming, voorsiening en dat hulle sal volhard ten spyte van elke vorm van beproewing. Vra ook dat die bestaande kerk in Pakistan na hulle sal uitreik.

7 Junie 2017 - **Dag 12: Islamitiese aanvalle op die Koptiese Christene in Egipte**
*Omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly*. (Filippense 1:29). Verhale van aanvalle op Koptiese Christene in Egipte haal nie die hoofnuus nie, maar dit is 'n daaglikse realiteit vir die 12-15 miljoen Koptiese Christene in Egipte.

*Gebedspunte:*
Bid asseblief vir hulle dat hulle in staat sal wees om te vergewe wanneer hulle onregverdig behandel en vervolg word; dat hulle hul geloof sal behou ten spyte van hewige vervolging. Vra ook dat die polisie volgens die wet sal optree ten einde die Christene te beskerm en dat oortreders vervolg sal word. Moet nooit ophou bid vir die redding van mense wat hierdie aanvalle op Christene beplan en uitvoer nie.

8 Junie 2017 - **Dag 13: Impak van Internetmedia**
*Die heil behoort aan die HERE; laat u seën wees oor u volk!* (Psalm 3:9). Daar is talle groepe wat 'n wye verskeidenheid Internetmedia gebruik om die evangelie te versprei. Een so 'n persoon met 'n klein radiostasie en 'n Facebook-blad bereik 1,2 miljoen mense (meestal Moslems) per maand. Daar is ook twee ander soortgelyke netwerke wat ongeveer dieselfde hoeveelheid mense bereik. Een webruimte kry meer as 30 miljoen besoeke per jaar; meestal vanaf Moslems. Daar is honderde soortgelyke maar kleiner webruimtes wat na Moslems uitreik.

*Gebedspunte:*

Hou aan bid dat meer mense via Internetmedia bereik sal word, asook vir dié wat hulle vrae moet

beantwoord. Bid dat die werkers geduldig sal wees; dat hulle met genoeg wysheid, liefde en sensitiwiteit sal kan werk ten spyte van vyandige reaksies. Hou aan bid vir nog meer kreatiewe maniere om Moslems met die evangelie te bereik.

9 Junie 2017 - **Dag 14: Jesus reinig ons van alle sonde**

*In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand.* (Efesiërs 1:7-8). 'n Arabiessprekende Christen het langs die "vlugtelingpad" (in Europa) vir jong Moslemmans gevra of hy vir hulle kan bid. Baie het geantwoord: "Nee, ek is nie rein nie. Ek het nie gewas nie. Ek het gister gesondig, ek is nie rein nie." Nadat hy egter verduidelik het dat ons almal deur 'n eenvoudige gebed met God kan praat en na Jesus toe kan kom net soos ons is, soos 'n gesprek, het dit die mans wat hy teëgekom het radikaal geskok en verstom. Sodra hy van Jesus of gebed begin praat het, sou jong mans om hom saamdrom om meer te hoor. Vlugtelinge is dikwels verwonderd oor die eenvoud en intimiteit van 'n gebed aan 'n God wat hulle aanhoor net soos hulle is.

*Gebedspunte:*
Bid dat namate meer vlugtelinge die waarheid soek, hulle vir Jesus sal vind en die konsep sal verstaan van persoonlike vergifnis van sonde deur Jesus se bloed en nie deur hulle eie werke nie.

10 Junie 2017 - **Dag 15: Vir die redding van families en vriende**

*Toe sê hulle: 'Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.' En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan almal wat in sy huis was.* (Handelinge 16:31-32). Wanneer individuele Moslems gered word, is dit normaalweg vir hulle baie moeilik om in vrede te leef. Dieselfde geld vir Boeddhiste, Hindoes en Jode wat Christene word. Wanneer hele families hulle tot die Here bekeer, is dit baie makliker en die invloed in hulle gemeenskap is ook groter.

*Gebedspunte:*
Loof die Here vir meer en meer families wat Christene, (Jesusvolgelinge), word. Bid dat hulle geestelik sal groei en met vrymoedigheid teenoor ander in hulle gemeenskap sal getuig.

11 Junie 2017 - **Dag 16: Herlewing in die Europese kerk**

*[Die liefde] … bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.* (1 Korintiërs 13:7).
'n Geestelike ont-waking van die Europese kerk is tans uiters belangrik, veral met miljoene Moslems wat uit hulle eie lande wegvlug om 'n heenkome in Europa te gaan soek. Bid vir 'n kragtige herlewing in die kerke van Europa en vir medelye/deernis om Christus met miljoene Moslems te deel wat in die Midde-Ooste, Noord-Afrika, Iran, Pakistan en Afghanistan woon. Vlugtelinge van minstens 40 lande probeer in Europa inkom. Die kerk in Europa het tans die grootste sendinggeleentheid ooit met letterlik honderde duisende vlugtelinge en immigrante wat hulle lande binnestroom.

*Gebedspunte:*
Bid vir elke Christen en Christenleiers om medelye met die vlugtelinge te hê en vir Geesvervulde Christene wat met die krag van die Heilige Gees na hulle sal uitreik.

12 Junie 2017 - **Dag 17: Vlugteling-kinders en "Jesus-verskynings"**

*Maar Jesus sê: 'Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.' En Hy het hulle die hande opgelê en daarvandaan vertrek.* (Matteus 19:14-15). 'n Dame van Youth With A Mission (YWAM) werk met getraumatiseerde vlugteling-kinders. Een van die metodes wat sy gebruik, is om kinders te laat verf ten einde hulle te help om hulle

verhale te vertel. Sy sal bv. sê: "Verf jou gesin en huis in Sirië." "Teken 'n prentjie van die nag toe julle met 'n boot na Griekeland gekom het." In baie van hierdie tekeninge is daar 'n "onbekende figuur" omring deur lig. Ander kere teken hulle Hom terwyl die bomme rondom hulle ontplof. Soms is Hy saam met hulle op see, of op die strand, of soms selfs in die boot. Die kinders ken nie Sy Naam nie, maar Sy teenwoordigheid is vir hulle baie werklik. Hulle weet dit is veilig om by Hom te wees.

*Gebedspunte:*
Bid dat meer werk onder die getraumatiseerde vlugteling-kinders gedoen sal word; vir meer onderwysers, trauma-beraders, onderrigmateriaal en skole. Vra ook vir meer en doeltreffende voedingskemas en die beskerming van kinders, (beide seuns en meisies), teen seksuele mishandeling.

13 Junie 2017 - **Dag 18: Oudiobybels**
*Is my woord nie só, soos 'n vuur, spreek die HERE, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?* (Jeremia 23:29). Oudiobybels is in baie tale beskikbaar wat in die Midde-Ooste, Noord-Afrika, Wes-Afrika en die Horing van Afrika gepraat word. Dit is tans een van die doeltreffendste instrumente om die evangelie te "verkondig". Bid asseblief vir borgskappe, sodat meer Oudiobybels geproduseer en versprei sal word onder die ongeletterdes. Vra vir die vertaling van meer Bybels in oudioformaat, asook die doeltreffende verspreiding van hierdie Oudiobybels onder die vlugtelinge in Europa.

*Gebedspunt:*
Bid dat baie mense tot geloof in Jesus Christus sal kom, ten spyte van hulle omstandighede.

14 Junie 2017 - **Dag 19: Azerbeidjan**
*Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.* (2 Korintiërs 5:17, 20). Die konflik tussen die oorwegend Christelike Armeniërs en Moslem Azerbeidjanners dateer terug tot die vroeë-1990's. Daar is reeds 30 000 mense dood en 1 miljoen ontwortel. Een van die belangrikste dinge wat moet gebeur, is dat Christene moet vergewe. Daar moet versoening plaasvind tussen die Christene en die Moslems maar ook onder politieke leiers. Vra vir God se ingryping in hierdie komplekse omstandighede.

*Gebedspunte:*
Bid vir ouers en kinders wat familielede in hierdie lang oorlog verloor het. Vra dat almal die vermoë sal ontvang om hulle vyande te vergewe.

15 Junie 2017 - **Dag 20: God as 'n Vader**
*Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.* (1 Korintiërs 1:18). Daar word nêrens in die Koran na God as Vader verwys nie. Die konsep van God as Vader is vir Christene 'n basiese konsep. Vir Moslems is dit egter 'n baie moeilike konsep om aan God as 'n Vader te dink. Die konsep van die Drie-eenheid is ook 'n baie groot hindernis. Hulle glo dat God nié sy Godheid met ander deel nie; daarom is dit dan moeilik om Jesus en die Heilige Gees te aanvaar. Nog 'n probleem is die offer wat Christus aan die kruis gebring het. Moslems glo dat as Christus wel God was, Hy nooit aan 'n kruis sou gesterf het nie, want die kruis was gereserveer vir kriminele. Moslems glo dat geen man vir 'n ander se sondes kan sterf nie; elkeen moet self vir sy eie dade boet.

*Gebedspunt:*

Bid asseblief dat die Vader deur die Heilige Gees die offer van Jesus aan Moslems sal openbaar.

16 Junie 2017 - **Dag 21: Reik uit na dié wat verslae is**

*Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere.* (Jesaja 54:11). Sedert die uitbreek van die geweld in die Midde-Ooste na 2010, is families na verskillende lande versprei en maak hulle onder andere staat op die hulp van verskillende Christelike bedienings en organisasies. Plaaslike kerke en bedienings reik uit na verskeie lande, besoek gelowiges, tree as mentors op, bemoedig hulle en lei nuwe plaaslike leiers op.

*Gebedspunte:*

Bid asseblief dat die mans vroue sal toelaat om na Christelike byeenkomste te gaan waar hulle hul pyn en beproewings kan deel. Vra ook dat Koerdiese mans tot bekering sal kom en dat sommige van hulle volwasse en passievolle kerkleiers sal word. Bid vir oop deure vir sendingorganisasies om mense in nood te help en die Een wat die verskil kan maak, aan hulle bekend te stel.

17 Junie 2017 - **Dag 22: Sirië – Kos as 'n oorlogswapen**

*Terwyl die vorige goewerneurs wat voor my was, die volk swaar belas het en van hulle brood en wyn geneem het, daarna veertig sikkels silwer. Hulle mense het ook heerskappy gevoer oor die volk; maar so het ek uit vrees vir God nie gedoen nie.* (Nehemia 5:15). Die filantropiese katastrofe vergroot steeds in die oorloggeteisterde Sirië, aangesien kos toenemend aan alle kante van die konflik as 'n oorlogswapen gebruik word. Ten spyte van internasionale wetgewing wat die gebruik van uithongering teen burgerlikes verbied, gaan magte aan alle kante steeds voort om te keer dat hulp deur die blokkades breek na dorpe in Sirië. Die Verenigde Nasies skat dat meer as 400 000 mense in 15 gemeenskappe oor die hele Sirië beleër word, en ongeveer die helfte daarvan in areas wat deur die Islamitiese Staat-groep beheer word.

*Gebedspunte:*

Bid vir meer befondsing vanaf internasionale bronne om met kos te help, en ook dat die vredesonderhandelings suksesvol sal wees. Die Westerse media het 'n groot aandeel deurdat hulle die situasie in Sirië en die omliggende lande verder kompliseer. Vra dat hierdie vernietigende invloed gestop sal word. Bid vir voldoende voorsiening in basiese middele vir diegene in nood.

18 Junie 2017 - **Dag 23: Boko Haram – Nigerië**

*Wees nie toornig op die kwaaddoeners nie, beny hulle nie wat onreg doen nie; want soos gras sal hulle gou verwelk, en soos groen grasspruitjies sal hulle verdroog.* (Psalm 37:1-2). Boko Haram, onder leiding van Abubakar Shekau, het dit ten doel om 'n onversetlike vorm van die Islamitiese Sharia wette in Nigerië af te dwing. Die naam Boko Haram beteken "Westerse opvoeding is sondig" en die groep verbied Moslems om betrokke te wees by enige aktiwiteit wat met die Westerse samelewing verband hou. Dit sluit in om tydens 'n verkiesing te stem, om hemde en broeke te dra of 'n sekulêre opvoeding te ontvang. In 2015/2016 was hierdie groep bo-aan die lys terroristegroepe wat mense in terreuraanvalle en selfmoordbomme doodgemaak het.

*Gebedspunte:*

Bid vir die verlossing van hierdie misleide militantes, asook vir dié wat deur hulle gevange geneem is. Vra die Heilige Gees om hulle van Christus se liefde te oortuig. Bid dat die mag van die Bose op hierdie mense verbreek sal word en die werke van die Bose blootgelê sal word. Boko Haram vernietig dorpe en brand dit tot op die grond af; die inwoners word ook dikwels tereggestel of lewendig verbrand. Roep uit na die Here vir die redding vir hierdie militantes.

19 Junie 2017 - **Dag 24: Folk-Islam: Heksery en voorvaderaanbidding**

*Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.* (1 Johannes 3:8).
Ongeveer 70% van Moslems is betrokke by folk-Islam: 'n mengsel van Islam, heksery, spiritisme en voorvaderaan-bidding. Ortodokse Islam verbied enige vorm van toordery, maar selfs wanneer "suiwer" Islam beoefen word, is daar heelwat heksery en toordery betrokke. Dié wat heksery beoefen, het verskillende dinge ten doel, soos byvoorbeeld om swanger te raak, 'n vrou skade aan te doen op wie sy jaloers is, of om vir hulle kinders guns te soek. Dit word ook gebruik om mense seer te maak of vir welvaart en om jouself te beskerm. Heksery/toordery word ook gebruik om Christene skade aan te doen.

*Gebedspunte:*
Bid veral vir gelowiges met 'n Moslem-agtergrond sodat geen kwaad hulle sal tref nie en dat hulle vreeslose getuies vir Jesus Christus sal wees. Vra dat die Seun van God die werke van die duiwel sal vernietig in mense wat betrokke is by heksery, en dat Hy hulle sal vrymaak.

20 Junie 2017 - **Dag 25: Somalië: Al-Shabaab, Islamitiese Ekstremisme en Stam Antagonisme**

*Blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.* (Matteus 11:5-6). Die militante Islamitiese groep Al-Shabaab het openlik verklaar dat hulle geen Christene in Somalië wil hê nie. Dié wat vermoedelik Christene is, word dikwels onmiddellik dood-gemaak. Gelowiges leef geïsoleerd en kom dikwels in die geheim in klein groepies bymekaar. Hulle kan nie 'n Bybel besit nie, want dit stel hulle lewe in gevaar.

*Gebedspunte:*
Loof die Here vir definitiewe pogings om die Somaliërs met die evangelie te bereik, en ook dat hulle deur die Internet die Bybel veilig kan lees. Prys God dat talle mense steeds daagliks Christene word, ten spyte daarvan dat sommige Christene doodgemaak word. Bid dat Christene veilig sal wees en geestelik sal groei. Vra dat dié wat soekend is, individue sal ontmoet wat die evangelie met hulle kan deel.

21 Junie 2017 - **Dag 26: Hoop te midde van dood en vervolging**

*En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word. Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het.* (2 Timoteus 3:12-14).
Die ongelooflikste ding is dat baie van die Christene wat vervolg word in lande soos Nigerië, Suid-Soedan, Somalië en talle ander, doelbewus nie vlug uit hierdie land waar hulle vervolg word nie en voortgaan om lig en sout te wees. Dit is NIE verkeerd om te vlug nie. Sommige mense is bloot oortuig daarvan dat hulle moet bly. Die Skrif sê baie duidelik dat dié wat 'n godvrugtige lewe wil lei en Christus onbeskaamd wil volg, vervolg sal word.

*Gebedspunte:*
Bid vir mede-Christene wat in ander lande ter wille van hulle geloof ly. Vra dat hulle sal voortgaan om sonder skaamte 'n godvrugtige lewe te lei, en ook dat hulle die moed sal hê om getroue getuies te bly.

22 Junie 2017 - **Dag 27: Uitstorting van die Heilige Gees in die kerk in lande waar Moslems in die meerderheid is**

*En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.* (Joël 2:28). Meer as 50% van alle Christene in die

Midde-Ooste en Noord-Afrika woon in Egipte. Bid dat die kerk in al hierdie areas sal ontwaak. Ons lees in Handelinge 4:23-31, Handelinge 8:15-16, Handelinge 10:44 en Handelinge 11:15 hoe die Heilige Gees weer en weer uitgestort is op die kerk. In al hierdie gevalle lei dit tot die redding van mense en kragtige vooruitgang in die kerk.

*Gebedspunte:*
Bid asseblief dat profesieë, drome en visioene in hierdie tyd sal toeneem; dat volledige families, woonbuurte, moskees, dorpe en stede visioene en drome sal hê van Jesus, die Een en Enigste lewende God!

23 Junie 2017 - **Dag 28: 'n Toename in gebed**
*Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het…* (Sagaria 12:10a).
Gebed is die belangrikste manier waarop ons saam met God kan werk sodat verlorenes gered kan word. Daar is geen hoër en kragtiger werk as dié van gebed nie. Dit is onmoontlik om die lewe van die apostel Paulus met erns te bestudeer sonder om raak te sien dat gebed 'n absoluut sentrale rol in sy lewe gespeel het. Selfs Jesus se lewe is deurdrenk met lang tye van gebed waar Hy sy Vader se aangesig gesoek het.

*Gebedspunte:*
Bid dat bestaande en nuwe gebedsinisiatiewe vir die Moslems wêreldwyd sal toeneem. Dank die Here vir elke persoon wat daagliks vir Jesus aanneem.

24 Junie 2017 - **Dag 29: Verhoog die Naam van die Here**
Een eenvoudige manier om vir onmoontlike situasies te bid, is bloot deur die Name van God te bid.

*Gebedspunte:*
Bid dat Moslems wêreldwyd 'n openbaring sal hê van wie God is: Jesus is die Hoeksteen. (Efesiërs 2:20; 1 Petrus 2:6). Die Almagtige (2 Korintiërs 6:18; Openbaring 1:8, 19:6); die Alfa en Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde. (Openbaring 1:8, 11, 21:16, 22:13). Die Algenoegsame Een. (2 Korintiërs 9:8). Die Begin en Voleinder van ons geloof. (Hebreërs 12:1-2). Die Leidsman na die lewe (of Prins van die lewe). (Handelinge 3:15). Outeur van Vrede (1 Korintiërs 14:33); Ewige Vader (Jesaja 9:6); altyd gereed om te help in nood (Psalm 46:2); die helder Morester. (Openbaring 22:16). Uitverkore van God. (Lukas 23:35). Christus Jesus ons Here. (Romeine 8:38-39).

25 Junie 2017 - **Dag 30: Boosheid is nie "almagtig" nie**
*Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?* (Romeine 8:35). Die IS-beweging het selfs sy eie volgelinge begin doodmaak weens die indruk dat sommige volgelinge na die "vyand" toe vlug, omdat hulle voel daar word te veel mense onthoof. Daar is spanning tussen die inheemse ISIS-soldate en die buitelanders wat kom om ISIS te help, veral as gevolg van die verskil in vergoeding, en so meer. Dit is belangrik om te verstaan dat Moslems, of ISIS of Boko Haram en ander soortgelyke radikale groepe, nie die werklike probleem is nie. Die probleem is die "god van hierdie wêreld" wat mense se gedagtes verduister en hulle mislei. Weerstaan daarom die Bose en bid dat God die sluier oor mense se verstand sal verwyder sodat hulle Jesus as die Prins van Vrede sal sien en herken, die Een wat vrede gee in hierdie lewe én die lewe wat kom.

*Gebedspunte:*
Bid baie spesifiek dat God, deur die krag van die Heilige Gees en Jesus se oorwinning aan die kruis,

alle onheilige verbonde en alliansies sal verbreek wat teen die koninkryk van God ons Vader gemaak word.

**Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk**

Tel. +27 12 365 3213  Epos: info@jwipn.com

www.jwipn.com